| | | | |
|---|---|---|---|
| Titel:<br>Donker, negatiewe emosies, soos met Ingrid Jonker se gedig “Toemaar, die donker man”. | Ironie: Karnaval impliseer ’n plek waar die toeskouers dit geniet, ’n ligte, speelse atmosfeer met geselligheid en pret, dit word duidelik gekontrasteer met die gradeerbare adjektief wat op die donker en swaarmoedigheid aanklank maak. | Swart het bepaalde implikasies vir die leser: HAT – donker kleur soos dié van steenkool of die nag as jy nie die maan of sterre kan sien nie. Die adjektief aktiveer kodes van swartgalligheid en weemoed. | Teenoor die s.nw. wat daarop volg wat teenstellende implikasies vir die leser inhou:<br>**1** Fees(tyd) wat in R.K. lande of gebiede aan die vastyd voorafgaan, oorspr. beperk was tot een dag, later tot die 3 tot 8 dae onmiddellik voor Aswoensdag, en eindelik tot die hele tyd tussen Driekoninge en Aswoensdag, en gekenmerk word deur luidrugtige straatpret, eet- en drinkpartye, gemaskerde optogte en bals, e.d.; ook, feesviering gedurende hierdie tyd: *In Frankryk en Italië is die karnaval ’n algemene volksfees wat, veral in Nizza en Venesië, met prag gevier is. ≈ Rossini wat hierdie opera (Die Barbier van Sevilla) op bestelling vir ’n karnaval moes lewer* (P. de V. Pienaar). *So ’n karnaval is ’n jolige affêre; almal skeer die gek met mekaar en dra maskers of mombakkiese* (Lena Smit).<br>**2** Jolige, grootse feestelikheid of gekostumeerde optog, gekenmerk deur luidrugtige pretmakery en soms deur losbandigheid: *Daardie aand het duisende pretmakers deelgeneem aan die karnaval* (S.A. Panorama). *Hoewel die Londenaars ’n groot fees te wagte was, was hulle darem nie voorbereid op hiérdie eksotiese karnaval wat die Statebondsfees in die waarheid geword het nie* (Die Burger). *Vir die gewone afgevaardigdes is die duur van die konvensie ’n tydperk van ontspanning en karnaval* (J.M.H. Viljoen). *Baie ... sal al die nuwejaar gaan binnedans het met maskers op die gesig ..., dis beslis nie ’n salonspeletjie of ’n Engelse mode of sommer karnaval nie* (L.C. Schultz). *Tóé (met die geboorte van die prins) het die blymoedige Franse natuur van ’n verbygegane wêreld botgevier aan ’n karnaval van plesier soos nog nooit tevore gesien is nie* (G.S. Preller). *Waterkarnaval*.<br>**3** (*figuurlik*)<br>**a** Uitspattige feestelikheid, losbandige oordadigheid in die een of ander opsig: *Ons hoop môre terug te kom op hierdie karnaval van laster* (De Volkstem). *Het ek die bygelowe van die gees / binne ’n ligblou middeleeuse nag / en al die karnavalle van die vlees / met blote brein besweer tot helder dag?* (D.J. Opperman). *Die dood slaan so stilweg sy houe, maar ons wemelende karnaval gaan voort* (F.A. Venter). |
| Gedigtipe: | Vrye vers: Stel die digter en leser in staat om die interpretasiemoontlikhede binne die loop van die gedig te verbreed.<br>Die gedigtipe kan moontlik inspeel op die manier waarop mense vry by karnavals voel, alhoewel die adjektief moontlike ander betekenisse te weeg bring. | Daar is geen vaste rympatroon nie, wat moontlik kan suggereer dat die spreker nie weet wanneer hierdie swartgalligheid oor hom of haar sal kom nie. | Emosies van swartgalligheid teenoor vryheid suggereer. Ironie. |
| Strofes en reëls: | Die gedig bestaan uit vyf strofes wat verder uit tersines bestaan, alhoewel daar op die oog af geen bepaalde vaste rympatroon is nie. | Dit is veelseggend dat die digter in elke strofe iets aangaande menslike eienskappe oordra, bv. stap, skoene, gesig, oog en hoed. | Binne die loop van iets fantasties soos ’n karnaval, word die mens self gekontekstualiseer. |
| | 1. hy kom uit die rookmis en lasergolwe<br>2. na my toe aangestap<br>3. Nar van die Donker Karnaval | “hy” word met klein letters aangetref wat suggereer dat hierdie persoon of entiteit nie van so ’n groot belang is dat dit tot eienaam ewolueer nie. | “Nar” en “Karnaval” word egter met hoofletters geskryf, wat suggereer dat die selfstandige naamwoorde opgehef word tot eiename. |
| | Nar: Grapmaker in ’n sirkus, harlekyn, hanswors.<br>Uit Ndl. *nar* (al Mnl.).<br>Ndl. *nar*, soos ook Deens *nar* en Sweeds *narr*, uit D. *Narr*. Aangesien die woord slegs in hierdie tale voorkom, is verwantskap met bv. Latyn *naris* “neusgate”, onwaarskynlik. | Roep die beeld van die liedjie deur Anton Goosen op: “Bring vir die harlekyn nog wyn”.<br>Hierdie liedjie verbeeld die gedagte van ’n hartseer nar wat ander vermaak sodat hy of sy beter kan voel oor hul situasie. | Emosies van onsekerheid word opgeroep, omdat die leser onseker is daarvan of die nar in die tradisionele sin daarvan toegepas gaan word. Hierdie beeld word ook omvêrgegooi deur die kodes “swart” en “donker”. |
| | 4. in swart tuxedo en witpuntskoene<br>5. roetkooloë wat smeul<br>6. in die wit van sy gesig | Allitererende s-klank.<br>Die harlekyn word bewapen deur ’n harnas in die vorm van ’n tuxedo, hy dra ook ’n masker (wit) en die vermomming laat voel hierdie harlekyn onpersoonlik en afgetrokke. | “roetkooloë” suggereer dat hierdie harlekyn geen meegevoel vir die medemens het nie, omdat die oë swart is.<br>Dit roep ook die vergelyking “so swart soos roet” op, die intensiewe vorm van swart as kleuraanduidende adjektief. Hierdie oë is ’n direkte teenstelling met die wit gesig van die harlekyn. |
| | 7. ’n swart traan drup uit sy linkeroog<br>8. sy mond is ’n omgekeerde sekelmaan<br>9. op sy wange skitter sterre | Hier word emosies prominent geuiter – die harlekyn huil nou, hy het die omgekeerde van ’n glimlag op sy gesig, alhoewel sy wange skitter (ironie). | Die sterre wat skitter is in direkte teenstelling met die negatiewe emosies wat die nar beleef. Dit sou blyk dat die nar se drome waar geword het, na aanleiding van die sterre wat skitter, maar die nar is steeds ongelukkig. |
| | 10. ’n laser skeer oor sy rooi gepluisde hare<br>11. toe hy diep voor my buig<br>12. en sy bolkeil afhaal met swier | Bolkeil: Hoed met ’n taamlike harde, ronde bol en baie smal rand;<br>Swier: Spoggerige manier/houding/ ens.; pronkery; elegansie.<br>Die harlekyn hou steeds die front voor, alhoewel hy baie ongelukkig of depressief is. Die nar kan ook gesien word as ’n sirkusdier. | Die nar is steeds hoflik (deurdat hy die hoed afhaal) alhoewel hy so ongelukkig is. Hierdie hoflikheid word oorgedra deur die buiging. |
| | 13. Uit die holte van sy hoed<br>14. vlieg ’n vlammende valk<br>15. reguit op my af | “Holte” versterk die beeld van ongelukkigheid. Daar kom ’n allitererende v-klank ook voor in hierdie reël. Dat daar ’n vlammende valk op die spreker af vlieg, suggereer dat die harlekyn se ingehoue gevoelens geëskaleer het en dat dit nou uit hom uitbars. | |